Pierneef se landskap-panorama, wat tans in die ontvangkamer van *Over-Vaal* pryk, was ten tyde van sy heengaan nog op 'n esel in sy ateljee

Verbasend is dit dat die oudste werke van Pierneef in die versameling, twee wat in 1936 aangekoop is, altesaam slegs R30 gekos het.

*Over-Vaal* huisves verder werke van Nils Andersen, G. J. Beukes, G. P. Canitz, Tinus de Jongh, Elizabeth Drake, Reginald A. Grattan, Allerley Glossop, Sidney Jennings, D. Koenig, Joy Krause, Walter Siebert-Leman, 'n groot aantal werke van Don Madge, voorbeelde van die werk van Terence McCaw en Erich Mayer, dan die groot versameling Pierneefs, 'n paar werke van Marcelle Piltan, *Meerlust* van prof. E. Roworth, voorbeelde van die kuns van G. S. Smithard en P. van Emmenis, W. G. Wiles, F. Wurt en Hettie van Niekerk.

**Bewoners van *Over-Vaal***

Administrateur S. P. Bekker en sy gesin was die eerste bewoners van die nuwe Transvaalse Administrateurswoning. Na mnr. Bekker se skielike heengaan is genl. J. J. Pienaar as sy opvolger aangewys. Genl. Pienaar het die amp van Administrateur tien jaar lank beklee om op sy beurt opgevolg te word deur dr. Wm. Nicol. Na twee ampstermyne is dr. Nicol as administrateur deur mnr. F. H. Odendaal, L.U.K., opgevolg, wat sedert 1958 in *Over-Vaal* woonagtig is.

**Die naamgewing**

Ons het herhaaldelik die naam *Over-Vaal* gebruik, ofskoon dit van onlangse datum is. Eers in 1959 is amptelik besluit om hierdie passende naam aan die ampswoning te verbind nadat die Transvaalse Onderwysdepartement die skoolgaande jeug in die provinsie die geleentheid gebied het om aan 'n wedstryd deel te neem. Uiteindelik is die naam, soos ingestuur deur Elizabeth M. de Kock, 'n leerling van die Afrikaanse Hoër Meisieskool (Pretoria) aanvaar en op 26 Oktober 1959 volgens die amptelike besluit van die Transvaalse Uitvoerende Komitee is die naam *Over-Vaal* aan die Administrateurswoning verbind.

Die ampswoning speel 'n belangrike rol in die lewe van die administrateurs. Wat vir die provinsie Transvaal geld, geld vanselfsprekend ook vir die ander provinsies en Suidwes-Afrika. Uit hoofde van hul amp rus daar menigvuldige pligte en verpligtings op diensdoende Administra-

Drie skeppings van Van Wouw. Van links na regs: Lehmans, Staatspresident Kruger by geleentheid van die vertrek van 'n aantal burgers na die Natalse front, en die Nooientjie van die Onderveld (distrik Rustenburg)